SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Oorhandiging van vuurwapenitem(s)

INSTRUKSIES: OORHANDIGING VAN VUURWAPENITEM(S)

ALGEMENE INSTRUKSIES

- 'n Vorm vir die oorhandiging van vuurwapenitem(s) moet in onuitwisbare swart ink ingevul word.
- Die oorhandigingsvorm moet gestempel word met die amptelike datumstempel van die polisiestasie waar dit ontvang is.
- Die polisiestasie waar die oorhandigingsvorm op rekenaar vasgelê word, moet Afdeling A voltooi.
- Die polisiestasie waar die oorhandigingsvorm ontvang word, moet Afdeling B voltooi.
- Die persoon wat die item oorhandig moet Afdelings C, D, E, F en G invul.
- Indien 'n tolk gebruik is, moet hy/sy Afdeling H voltooi.
- Die polisiestasie moet Afdeling I invul.
- 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No 60 van 2000) indien hy/sy enige inligting wat hy/sy weet vals is op hierdie oorhandigingsvorm verstrek.

AFDELING A: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE WAAR DIE OORHANDIGINGS-VORM OP REKENAAR VASGELê WORD

1. Transaksieverwysingsnommer

Die verwysingsnommer wat die stelsel vir die oorhandigingsvorm genereer nadat dit op rekenaar vasgelê is (byvoorbeeld, N12945), moet in paragraaf A 1 aangeteken word.

AFDELING B: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE WAAR DIE VUURWAPEN ITEM(S), - LISENSIE, -PERMIT, -SERTIFIKAAT OF - MAGTIGING OORHANDIG WORD

1. Provinsie

Die naam van die provinsie waar die polisiestasie geleë is (byvoor-beeld, Gauteng), moet in paragraaf B 1 aangeteken word.

2. Area

Die naam van die area waar die polisiestasie geleë is (byvoorbeeld, Pretoria), moet in paragraaf B 2 aangeteken word.

3. Polisiestasie

Die naam van die polisiestasie waar die vorm vir die oorhandiging van vuurwapenitems ontvang is (byvoorbeeld, Brooklyn), moet in paragraaf B 3 aangeteken word.

4. Komponentkode

Die komponentkode van die polisiestasie waar die vorm vir die oorhandiging van vuurwapenitems ontvang is (byvoorbeeld, 47), moet in paragraaf B 4 aangeteken word.

5. SAPD 13-verwysingsnommer

Die SAPD 13-verwysingsnommer van die vorm vir die oorhandiging van vuurwapenitems (byvoorbeeld, 1234/2003), moet in paragraaf B 5 aangeteken word.

6. Nommer in register vir algemene vuurwapentransaksies

Die jaarlikse reeksnommer in die register vir algemene vuurwapentransaksies wat aan die oorhandigingsvorm toegeken word, moet in paragraaf B 6 aangeteken word.

AFDELING C: BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT DIE ITEM(S) OORHANDIG

1. BESONDERHEDE VAN NATUURLIKE PERSOON

2. SA-Identiteit-/Paspoortnommer

Die soort identifikasie van die persoon wat die item(s) oorhandig, moet in paragraaf C 2 aangeteken word.

3. Identiteitsnommer van natuurlike persoon

Die aansoeker se identiteitsnomer moet in paragraaf C 3 aangeteken word.

4. Paspoortnommer van natuurlike persoon

Die aansoeker se paspoortnommer moet in paragraaf C 4 aangeteken word.

5. Van

Die aansoeker se van moet in paragraaf C 5 aangeteken word.

6. Voorletters

Die aansoeker se voorletters moet in paragraaf C 6 aangeteken word.

7. Woonadres

Die fisiese adres waar die aansoeker woon, moet in paragraaf C 7 aangeteken word.

8. Poskode

Die poskode van die aansoeker se woonadres moet in paragraaf C 8 aangeteken word.

9. Posadres

Die posadres van die aansoeker moet in paragraaf C 9 aangeteken word.

10. Poskode

Die poskode van die aansoeker se posadres, moet in paragraaf C 10 aangeteken word.

11. Telefoonnommer

11.1 Huis: Die aansoeker se huistelefoonnommer, insluitend die skakelkode, (byvoorbeeld, (012) 667 1923) moet in paragraaf C 11.1 aangeteken word.

11.2 Werk: Die aansoeker se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913), moet in paragraaf C 11.2 aangeteken word.

11.3 Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die aansoeker moet in paragraaf C 11.3 aangeteken word.

12. Faks

Die aansoeker se faksnommer, insluitend die area skakelkode, moet in paragraaf C 12 aangeteken word.

13. E-posadres

Die aansoeker se e-posadres (indien van toepassing) moet in paragraaf C 13 aangeteken word.

14. BESONDERHEDE VAN REGSPERSOON

15. ANDER LIGGAME

16. Geregistreerde naam van maatskappy

Die geregistreerde maatskappynaam van die houer van die lisensie moet in paragraaf C 16 aangeteken word.

17. Handelend as

Die naam waaronder die lisensiehouer handel dryf, moet in paragraaf C 17 aangeteken word.

18. VWR-nommer

Die lisensiehouer se registrasienommer moet in paragraaf C 18 aangeteken word.

19. Posadres

Die posadres van die lisensiehouer, moet in paragraaf C 19 aangeteken word.

20. Poskode

Die poskode van die lisensiehouer se posadres moet in paragraaf C 20 aangeteken word.

21. Besigheidsadres

Die fisiese adres waar die lisensiehouer sake doen, moet in paragraaf C 21 aangeteken word.

22. Poskode

Die poskode van die lisensiehouer se besigheidsadres moet in paragraaf C 22 aangeteken word.

23. Besigheidstelefoonnommer

23.1 Werk: Die lisensiehouer se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913), moet in paragraaf C 23.1 aangeteken word.

23.2 Faks

Die lisensiehouer se faksnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf C 23.2 aangeteken word.

24. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging, moet in paragraaf C 24 aangeteken word.

25. BESONDERHEDE VAN VERANTWOORDELIKE PERSOON

26. Verantwoordelike persoon (Volle naam en van)

Die verantwoordelike persoon se naam en van moet in paragraaf C 26 aangeteken word.

27. Soort identifikasie (Merk met 'n X)

SA-Identiteit-/Paspoortnommer

Die verantwoordelike persoon se soort identiteits-/paspoortnommer moet met 'n X in paragraaf C 27 aangeteken word.

28. Identiteitsnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se identiteitsnommer moet in paragraaf C 28 aangeteken word.

29. Paspoortnommer van verantwoordelike persoon

Die verantwoordelike persoon se paspoortnommer moet in paragraaf C 29 aangeteken word.

30. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die verantwoordelike persoon, moet in paragraaf C 30 aangeteken word.

31. Fisiese adres

Die fisiese adres waar die verantwoordelike persoon woon, moet in paragraaf C 31 aangeteken word.

32. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se fisiese adres, moet in paragraaf C 32 aangeteken word.

33. Posadres

Die posadres van die verantwoordelike persoon moet in paragraaf C 33 aangeteken word.

34. Poskode

Die poskode van die verantwoordelike persoon se posadres moet in paragraaf C 34 aangeteken word.

35. Indien die vuurwapenitem nie deur die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging oorhandig word nie, beskryf die verhouding van die persoon wat die item oorhandig met die houer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging.

36. SOORT OORHANDIGING (Merk met 'n X)

37. Die toepaslike soort oorhandiging moet met 'n X in paragraaf C 37 aangeteken word, byvoorbeeld:

Oorhandiging van vuurwapenitem	X

38. Die datum waarop die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) aan die SAPD oorhandig word, moet in paragraaf C 38 aangeteken word.

39. Die rede(s) vir die oorhandiging van die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s), moet in paragraaf C 39 aangeteken word.

AFDELING D: BESONDERHEDE VAN LISENSIE, PERMIT, SERTIFIKAAT OF MAGTIGING WAT OORHANDIG GAAN WORD

1. Soort lisensie

Die soort lisensie, permit, sertifikaat of magtiging wat oorhandig gaan word, moet in paragraaf D 1 aangedui word.

2. Lisensienommer

Die nommer van die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging wat oorhandig gaan word, moet in paragraaf D 2 aangeteken word.

3. Datum uitgereik

Die datum waarop die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging uitgereik is, moet in paragraaf D 3 aangeteken word.

4. Vervaldatum

Die datum waarop of die lisensie, permit, sertifikaat of magtiging verval, moet in paragraaf D 4 aangeteken word.

AFDELING E: BESONDERHEDE VAN VUURWAPENITEM WAT OORHANDIG GAAN WORD

BESONDERHEDE VAN VUURWAPEN

1. Soort

Die soort vuurwapen moet in paragraaf E 1 aangeteken word.

2. Kaliber

Die vuurwapen se kaliber moet in paragraaf E 2 aangeteken word.

3. Fabrikaat

Die fabrikaat van die vuurwapen moet in paragraaf E 3 aangeteken word.

4. Model

Die model van die vuurwapen moet in paragraaf E 4 aangeteken word.

5. Reeksnommer van loop

Die reeksnommer van die loop moet in paragraaf E 5 aangeteken word.

6. Reeksnommer van raam

Die reeksnommer van die raam moet in paragraaf E 6 aangeteken word.

7. Reeksnommer van romp

Die reeksnommer van die romp moet in paragraaf E 7 aangeteken word.

8. BESONDERHEDE VAN ONDERDELE

9. Beskrywing van onderdeel

Die beskrywing van die onderdeel van die vuurwapen moet in paragraaf E 9 aangeteken word.

10. Fabrikaat van gepaardgaande vuurwapen

Die fabrikaat van die gepaardgaande vuurwapen van die vuurwapenonderdeel moet in paragraaf E 10 aangeteken word.

11. Model van gepaardgaande vuurwapen

Die model van die gepaardgaande vuurwapen van die vuurwapen- onderdeel moet in paragraaf E 11 aangeteken word.

12. BESONDERHEDE VAN AMMUNISIE

13. Kaliber

Die kaliber van die ammunisie moet in paragraaf E 13 aangeteken word.

14. Hoeveelheid

Die hoeveelheid ammunisie moet in paragraaf E 14 aangedui word.

AFDELING F: HANDTEKENING VAN DIE PERSOON WAT DIE ITEM(S) OORHANDIG (Teken slegs indien van toepassing)

1. Naam van persoon wat item(s) oorhandig in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die persoon wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) oorhandig het (in drukskrif), moet in paragraaf F 1 aangeteken word.

2. Datum

Die datum waarop die persoon wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) oorhandig het, die vorm onderteken, moet in paragraaf F 2 aangeteken word.

3. Handtekening van persoon wat item(s) oorhandig

Die persoon wat die item(s) oorhandig, moet in paragraaf F 3 aangeteken word.

4. Plek

Die stad/dorp waar die persoon die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) oorhandig, moet in paragraaf F 4 aangeteken word.

5. VERKLARING DEUR PERSOON WAT ITEM(S) OORHANDIG

Ek is bewus daarvan dat ek skuldig is aan ‘n oortreding ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No 60 van 2000), indien ek ‘n vals verklaring op hierdie oorhandigingsvorm maak.

AFDELING G: (Voltooi slegs as die persoon wat die item(s) oorhandig,
nie kan lees of skryf nie.)

1. Vingerafdruk

Die afdruk van die wysvinger van die persoon wat die item(s) oorhandig se regterhand moet deur die polisiebeampte in paragraaf F 1 geneem word, in die teenwoordigheid van ‘n getuie en dit moet binne die lyne van die blokkie bly. As die aansoeker nie ‘n regterwysvinger het nie, moet die afdruk van die linkerwysvinger geneem word.

2. Aanwysing van vingerafdruk

Die aanwysing van die vingerafdruk (byvoorbeeld, regterwysvinger) moet in paragraaf G 2 aangeteken word.

3. Datum

Die datum waarop die persoon wat die vuurwapen item(s) oorhandig se vingerafdruk geneem is, moet in paragraaf G 3 aangeteken word.

4. Naam van persoon wat item(s) oorhandig in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die persoon wat die vuurwapen item(s) oorhandig moet in paragraaf G 4 aangeteken word.

5. Plek

Die stad/dorp waar die persoon wat die vuurwapen item(s) oorhandig die kennisgewing teken, moet in paragraaf G 5 aangeteken word.

6. BESONDERHEDE VAN DIE POLISIEBEAMPTE WAT DIE OORHANDIGING HANTEER

6.1 Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die oorhandiging van die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) hanteer, moet in paragraaf G 6.1 aangeteken word.

6.2 Persal-nommer van polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die oorhandiging van die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) hanteer, moet in paragraaf G 6.2 aangeteken word.

6.3 Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die oorhandiging van die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) hanteer, moet in paragraaf G 6.3 aangeteken word.

6.4 Handtekening van polisiebeampte

Die polisiebeampte wat die oorhandiging van die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) hanteer, moet in paragraaf G 6.4 teken.

7. BESONDERHEDE VAN GETUIE

7.1 Naam van getuie in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf G 7.1 aangeteken word.

7.2 Persal-nommer van getuie

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat as getuie

optree,moet in paragraaf G 7.2 aangeteken word.

7.3 Rang van getuie in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf G 7.3 aangeteken word.

7.4 Handtekening van getuie

Die handtekening van die polisiebeampte wat as getuie optree, moet in paragraaf G 7.4 aangebring word.

AFDELING H: BESONDERHEDE VAN TOLK
(Hierdie afdeling moet slegs ingevul word as die persoon wat die item(s) oorhandig, nie kan lees, skryf of hierdie dokument verstaan nie.)

1. Naam en van van tolk

Die naam en van van die persoon wat die inhoud van die oorhandigingsvorm vir die persoon wat die item(s) oorhandig tolk, moet in paragraaf H 1 aangedui word.

2. Identiteits-/Paspoortnommer van tolk

Die identiteits-/paspoortnommer van die tolk moet in paragraaf H 2 aangeteken word.

3. Woonadres

Die fisiese adres waar die tolk woon, moet in paragraaf H 3 aange-teken word.

4. Poskode

Die poskode van die tolk se woonadres moet in paragraaf H 4 aangeteken word.

5. Posadres

Die posadres van die tolk moet in paragraaf H 5 aangeteken word.

6. Poskode

Die poskode van die tolk se posadres moet in paragraaf H 6 aangeteken word.

7. Telefoonnommer

7.1 Huis: Die tolk se huistelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (012) 667 1923), moet in paragraaf H 7.1 aangeteken word.

7.2 Werk: Die tolk se werktelefoonnommer, insluitend die skakelkode (byvoorbeeld, (011) 577 5913), moet in paragraaf H 7.2 aangeteken word.

8. Selfoonnommer

Die selfoonnommer (indien van toepassing) van die tolk moet in paragraaf H 8 aangeteken word.

9. Faks

Die faksnommer, insluitend die skakelkode, van die tolk moet in paragraaf H 9 aangeteken word.

10. E-posadres

Die e-posadres (indien van toepassing) van die tolk moet in paragraaf H 10 aangeteken word.

11. Getolk uit (taal)

Die taal waaruit die oorhandigingsvorm getolk is en die taal waarin dit getolk is en wat vir die persoon wat die item(s) oorhandig verstaanbaar is (byvoorbeeld, Engels in Zoeloe), moet in paragraaf H 11 aangeteken word.

12. Datum

Die datum waarop die tolk die persoon wat die item(s) oorhandig bystaan, moet in paragraaf H 12 aangeteken word.

13. Handtekening van tolk

Die handtekening van die tolk wat die persoon wat die item(s) oorhandig bystaan omdat hy/sy nie kan lees of skryf of die inhoud van die vorm verstaan nie, moet in paragraaf H 13 aangebring word.

14. Plek

Die plek waar die tolk die persoon wat die item(s) oorhandig bystaan, moet in paragraaf H 14 aangeteken word.

15. Rang van polisiebeampte in drukskrif (indien van toepassing)

As die tolk 'n polisiebeampte is, moet sy/haar rang (in drukskrif) in paragraaf H 15 aangeteken word.

16. Persal-nommer van polisiebeampte (indien van toepassing)

As die tolk 'n polisiebeampte is, moet sy/haar SAPD Persal-nommer in paragraaf H 16 aangeteken word.

AFDELING I: VIR AMPTELIKE GEBRUIK DEUR DIE POLISIESTASIE

Besonderhede van die polisiebeampte wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang het.

1. Naam van polisiebeampte in drukskrif

Die voorletters en van (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 1 aangeteken word.

2. Datum

Die datum waarop die polisiebeampte die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 2 aangeteken word.

3. Rang van polisiebeampte in drukskrif

Die rang (in drukskrif) van die polisiebeampte wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 3 aangeteken word.

4. Plek

Die stad/dorp waar die polisiebeampte die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 4 aangeteken word.

5. Handtekening van polisiebeampte

Die polisiebeampte wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 5 teken.

6 Persal-nommer van polisiebeampte

Die SAPD Persal-nommer van die polisiebeampte wat die vuurwapenlisensie, -permit, -sertifikaat, -magtiging of -item(s) ontvang, moet in paragraaf I 6 aangeteken word.